

VOORBIDDING:

Geroep Gewillig Gestuur



Wêreld: Costa Rica, El Salvador, Nicaragua en Panama. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkrinteffek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Ntsiua Tsemame en die werk wat sy in Malawi doen. Oplossings, planne

en samewerking om aardverwarming se pas te verlaag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld.

RSA & Dorp: Ekonomie—sakelui, arbeidsmag, werkslus, werkskepping en Steltemplooy. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadysfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energie-krisis asook water- en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Die provinsiale verkiesing in November. Deurbraak in die ondersoeke na die vrouemoorde aan die Oos-Rand en ondersteuning aan die slagoffers se geliefdes.

Gemeente & Kerk: Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde vierde kwartaal. Ons Matrieks wat met hul laaste skoolseksamen begin.

Baie geluk aan die volgende lidmaat wat vandag verjaar: Willie Breytenbach (Le Seuer).

Gevriesde bloubessies te koop

Gevriesde bloubessies, verpak in 1 kg sakkies @ R80 of 500 g sakkies @ R40, is te koop by die kerkkantoor gedurende kantoorure.



**BLY OP DATUM MET
DIE GEMEENTENUUS
PER WHATSAPP**

072 462 1656

Stuur jou naam en van via Whatsapp na ons nommer hierbo en ons voeg jou by die groep!

Ons is 'n groen gemeente wat herwin!

In die vierkant by die houters, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houters vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaar-toerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye in, bring. Dan kan jy ook kleres, beddegoed, handdoeke en lappe (in 'n goeie toestand) bring, skoon joghurt-houters (en ander skoon kosverpakings waarin Voedingsaksie kos kan bedien) en ook huishoudelike items in 'n goeie toestand wat op die Wit Olifante Tafel verkoop kan word of aan die ACVV se winkel, *Ampe Veniet*, geskenk kan word. Sporttoerusting en boeke is ook welkom.



Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.



11 Oktober 2026

Koninkrykstyf

MATRIEKSONDAG

Jaartema:

SORG

Erediens & Kategese 09:30

Tema Tot wie se eer wanneer God onsigbaar lyk?

Skriflesing Eksodus 32:1-14

Prediker Elzanne van der Westhuizen

Kategese-samevatting 10:30 - in die kerksaal

Koinonia Kafee 10:30 - kuier verder saam in die vierkant

Kerkbiblioteek 10:30 - neem boeke uit in die vierkant

Tienerbyeenkoms 18:00 - ontmoet Elzanne in die leeskamer

Diens by Bonheur 18:00 - Danie Goosen

Welkom aan ons gemeente se Matrieks en hulle ouers!

Julle laaste skoolweek is al verby en nou lê daar nog net 'n eksamen voor. Ons wil vir julle bid en julle bemoedig. Dalk kan jy nie wag dat alles moet klaarkom nie sodat jy onafhanklik jou eie ding kan doen. Of dalk is jy bang vir die onbekende wat voorlê. Of jy is opgewonde oor nuwe wêreldes wat wag om ontdek te word ... Hoe ook al: Ons as gemeente wil 'n pad stap saam met julle. Weet altyd dat ons vir julle bid.

Pastorale versorging in ons gemeente

Indien jy huisbesoek verlang, skakel asb enige van die leraars (Danie Goosen: 079 525 3624 of Elzanne van der Westhuizen: 074 144 9226) of die kerkkantoor (021 886 5975). Indien jy siek is of in die hospitaal is en besoek verlang, laat weet asseblief onverwyld die kerkkantoor. Jy kan ook jou wyk se dienswerker laat weet. *Ons onthou altyd ons visie se woorde – om mekaar in verhoudinge op te bou – ons wil graag sorg dra vir mekaar!*



Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

ONS KANTOORURE is: Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: Maandag 12/10 tot Sondag 18/10

Di 13/10	10:00 18:00	Biduur by La Clemence: in die klubhuis Strategiese Beplanningsvergadering: die komitee gemoeid met eiendomme vergader in die konsistorie.
Wo 14/10	09:30 - 10:30	Geloofsgroei Byeenkoms (konsistorie): Almal is welkom! Ons kuier na die tyd verder in die vierkant.
Do 15/10	09:00 - 12:00 18:00 - 21:00	Naaldwerkbediening: kom werk saam met die vroue van die Naaldwerkbediening aan die projekte wat hulle aanpak. Ringsitting: Die gemeentes van die Ring van Stellenbosch se Ringsitting vind by ons gemeente plaas.
So 18/10	09:30 10:30 10:30 - 11:15 18:00 18:00	Koninkrykstyf Erediens & Doopgeleentheid: Danie Goosen Koinonia Kafee: in die vierkant Familietegese: in die kerksaal Tienerbyeenkoms: ontmoet Elzanne in die leeskamer Diens by Bonheur: Danie Goosen

Die deuroffer vandag gaan aan Hospitaalbearbeiding (bestuur deur Hospivision): 'n Samewerkingsooreenkoms is met HospiVision, 'n nie-regeringsorganisasie, gesluit wat sedert 1999 in die hospitale van Pretoria leiding neem in die spirituele en emosionele versorging van pasiënte, hulle families en personeel. Indien pasiënte vanaf die platteland pastorale ondersteuning benodig in hospitale binne die Kaapse Metropool, moet Hospivision gekontak word (Hospivision: 021 931 0311 / wanda@hospivision.org.za).



Die deuroffer verlede week aan Geluksoord
Tehuis vir Bejaardes was R2 012-50.

Baie dankie! Volgende week se deuroffer
gaan aan Stellenbosch Hospice.



**Betaal met
SNAPSCAN**
(onthou om 'n
verwysing
in te tik.)



Verbly kinderhart met koek en presentjie

Jeuguitreik het 20 kinders wat nooit bederf word op hul verjaarsdae nie. Gee jou naam op by die kerkkantoor as jy op hierdie lysie van gemeentelêde wil wees wat deur die loop van die jaar 'n koek en 'n presentjie op 'n kind se verjaarsdag wil skenk. **Ons kan al 17 van hierdie kinders bederf op hul verjaarsdag!**



Oktober se Barmhartigheidstema is **Bejaardes en Siekes**. Ons begin ook met ons **Kersprojek**.

Ons samel gedurende Oktober toiletware, grootmensdoeke en handdoeke in vir Geluksoord. *Die deuroffers gaan gedurende Oktober aan Geluksoord, Hospitaalbearbeiding, Stellenbosch Hospice en Utopia Tehuis vir Bejaardes.*

Bankbesonderhede

Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen

Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

KATEGESE 2026

JUNIORS GR. R-6

11 Oktober
Kategese 09:30-10:45

18 Oktober
Familietegese (10:30)

25 Oktober
NAGMAAL & Kategese
09:30-10:45

1 November
Kategese 09:30-10:45

8 November
Kategese 09:30-10:45

15 November
UIT-Sondag & AFSLUITING (09:30)

TIENERS GR. 7-12

11 Oktober
Kategese 18:00-19:00

18 Oktober
Familietegese (10:30)

25 Oktober
Kategese 18:00-19:00

1 November
Jaarafsluiting

KWARTAAL 4

Is jy nuut by ons?

Kom gerus ná die diens na voor waar die predikant jou sal ontmoet en help met nuwe lidmate vorms en 'n "welkompakkie". Kom drink ook saam koffie of tee in die vierkant by ons Koinonia Kafee in die vierkant en neem boeke uit by ons biblioteek - ons sal graag wil kennis maak!



Kom haal klaargeknippte lappe by die kerkkantoor en help stik by die huis aan die Bless-a-Baby-sakke. Dankie aan al die getroue stiksters wat hierdie baie spesiale bediening aan die gang hou vanuit hul huise.

Nagskuiling-koepons

(R10) is by die kerkkantoor te koop en kan gegee word aan persone op straat wat dan by Nagskuiling kan oornag, 2 etes ontvang en kan stort.

BELANGRIKE gemeente-datums vir die res van 2026

18 Okt: Laaste Familietegese vir die jaar
20 Okt: B-Aksie-vergadering
25 Okt: Hervormingsfees & Nagmaal
25 Okt: Kersprojek begin
29 Okt: Gespreksaand: Palestynse kwessie
1 Nov: Graad 7-Sondag
1 Nov: Tienerkerkafsluiting
3 Nov: Adminkomitee-vergadering
8 Nov: Jamestown Sounds-optrede
15 Nov: Kategese afsluiting & UIT-Sondag
17 Nov: Kerkraadsvergadering

18 Nov: Geloofsgroei afsluiting
22 Nov: Christus die Koning-Sondag & Nagmaal
25 Nov: Kersprojekverpakking
29 Nov: Kerssangdiens & Gemeente-braai
30 Nov: Kersete vir Stellenbosch Nagskuiling
6 Des: Bevestiging van nuwe kerkraadslede
9 Des: Skole sluit
15 Des: Kerkkantoor sluit
16 Des: Versoeningsdag
25 Des: Kersdag
26 Des: Welwillendheidsdag